*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*



**English Shortfaced Tumbler**



**Berlin Shortfaced Tumbler**

# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**August / Augustus 2020**



**Hamburg Tumbler**



**Hamburg Schimmel**

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Editorial / Redaksioneel | 3 |
| Ter nagedagtenis aan Jan Oelofse - Wilma en Riaan Oelofse | 4 |
| Vertellings van Jan Helberg - Christo Munnik | 5 |
| Runts die stiefkinders van die duiwe stokperdjie - Seppie en André | 8 |
| Showcase virtuele skou Bertus Pretorius | 12 |
| Veeartse en duiwesiektes - At Nigrini | 16 |
| Hulle rol almal - Piet Brouwer | 18 |
| Scoreboard and Rules | 20 |


## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| **W067** | **Kobus van Niekerk** | **03-Sep** |
| **K042** | **Louis Davis** | **03-Sep** |
| **K025** | **Tommy Dickson** | **04-Sep** |
| **W077** | **Andries Cilliers** | **04-Sep** |
| **B084** | **Pieter van Vreden** | **06-Sep** |
| **H004** | **Nak Smit** | **08-Sep** |
| **B069** | **Heinrich Moldenhauer** | **08-Sep** |
| **C026** | **Sandra Botha** | **10-Sep** |
| **S003** | **Gerhard Joubert** | **13-Sep** |
| **H028** | **Jacobus v Zyl Smit** | **15-Sep** |
| **D016** | **Doynton Berry** | **16-Sep** |
| **K026** | **Shaun Shrosbee** | **16-Sep** |
| **C047** | **Edmund van Antwerp** | **19-Sep** |
| **W040** | **Hennie Hattingh** | **21-Sep** |
| **B007** | **Ruben Kitching** | **23-Sep** |
| **H044** | **André Gunter** | **25-Sep** |
| **B082** | **Tommy Laubscher** | **27-Sep** |
| **H001** | **Barnard Steyn** | **29-Sep** |

## Deaths

***Please keep the family and friends of the following members of SAFPA in your prayers.***

***Jan Oelofse the President of KwaZulu-Natal died on the 10th July 2020 during a brain surgery following a car accident.***

***Ben Ricketts member of Western Cape Region died on the 9th of July.***

## Nuwe lede / New members

### North-of-the-Vaal

**Adrian Fleming B092**
Plot 356, Grootvlei, Pretoria 0120
Sel: 074 007 0204
Sel: 074 254 8337

**Brandon Cronjé B093**
Anglerstraat 62, Rothdene, Meyerton, 1960
Sel: 083 407 2626

**Riaan van der Linde B094**
19 Boekenhout Street, Orlando, Germiston 1401
Cell: 082 733 6334

**Nicolette Sobreira B095**
10 Sycamore Street, Brackendowns, Alberton 1454
Cell: 071 605 1063

**Klaas Lekalakala B096**
1732 Mokoko Street, Temba, Hammanskraal, 0407
Cell: 073 001 3312

### Eastern Region

**Herman Labuschagne C049**
Joubertstraat 1, Ermelo, 2350
Sel: 076 578 8459

### Western Cape

**Theodore Kruger H082**
Van Riebeekstraat 26, Strand, 7140
Sel: 082 875 5250

**Jan Kamfer H083**
PO Box 177, Bredasdorp, 7250
Cell: 083 301 8448

**Imraan Jappie H084**
5 Jacaranda Crescent, Thornton, Cape Town 7460
Tel: 021 534 6712
Cell: 076 966 3174

### South Western Districts

**William Boshoff J033**
PO Box 2674, George, 6530
Cell: 073 217 7272

### Eastern Province

**M&M&M Neer K060**
221 Conacher Street, New Brighton, PE, 6201
Cell: 078 451 1561

**Michael Schanknecht K061**
Kleinmondstraat 5, Sherwood, Port Elizabeth 6001
Sel: 072 758 1498

### Freestate

**Fabiano Bruno (Carla Jacobs) V058**
2 Stehart Crescent, Waverley, Bloemfontein 9310
Cell: 083 377 8773
Cell: 071 766 0777

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

**THAT'S GOD**

It was one of the hottest days of the dry season. We had not seen rain in almost a month. The crops were dying. Cows had stopped giving milk. The creeks and streams were long gone back into the earth. It was a dry season that would bankrupt several farmers before it was through.

Every day, my husband and his brothers would go about the arduous process of trying to get water to the fields. Lately this process had involved taking a truck to the local water rendering plant and filling it up with water. But severe rationing had cut everyone off. If we didn't see some rain soon...we would lose everything.

It was on this day that I learned the true lesson of sharing and witnessed the only miracle I have seen with my own eyes. I was in the kitchen making lunch for my husband and his brothers when I saw my 6-year-old son, Billy, walking toward the woods. He wasn't walking with the usual carefree abandon of a youth but with a serious purpose. I could only see his back. He was obviously walking with a great effort ... trying to be as still as possible. Minutes after he disappeared into the woods, he came running out again, toward the house.

I went back to making sandwiches; thinking that whatever task he had been doing was completed. Moments later, however, he was once again walking in that slow purposeful stride toward the woods. This activity went on for an hour: walking carefully to the woods, running back to the house.

Finally I couldn't take it any longer and I crept out of the house and followed him on his journey (being very careful not to be seen...as he was obviously doing important work and didn't need his Mommy checking up on him). He was cupping both hands in front of him as he walked, being very careful not to spill the water he held in them .. maybe two or three tablespoons were held in his tiny hands. I sneaked close as he went into the woods. Branches and thorns slapped his little face, but he did not try to avoid them. He had a much higher purpose. As I leaned in to spy on him, I saw the most amazing site.

Several large deer loomed in front of him. Billy walked right up to them. I almost screamed for him to get away. A huge buck with elaborate antlers was dangerously close. But the buck did not threaten him...he didn't even move as Billy knelt down. And I saw a tiny fawn lying on the ground; obviously suffering from dehydration and heat exhaustion, lift its head with great effort to lap up the water cupped in my beautiful boy's hand. When the water was gone, Billy jumped up to run back to the house and I hid behind a tree.

I followed him back to the house to a spigot to which we had shut off the water. Billy opened it all the way up and a small trickle began to creep out. He knelt there, letting the drip, drip slowly fill up his makeshift 'cup,' as the sun beat down on his little back. And it came clear to me: The trouble he had gotten into for playing with the hose the week before. The lecture he had received about the importance of not wasting water. The reason he didn't ask me to help him. It took almost twenty minutes for the drops to fill his hands. When he stood up and began the trek back, I was there in front of him.

His little eyes just filled with tears. 'I'm not wasting,' was all he said. As he began his walk, I joined him...with a small pot of water from the kitchen. I let him tend to the fawn. I stayed away. It was his job. I stood on the edge of the woods watching the most beautiful heart I have ever known working so hard to save another life. As the tears that rolled down my face began to hit the ground, other drops...and more drops...and more suddenly joined them. I looked up at the sky. It was as if God, himself, was weeping with pride.

Some will probably say that this was all just a huge coincidence. Those miracles don't really exist. That it was bound to rain sometime. And I can't argue with that... I'm not going to try. All I can say is that the rain that came that day saved our farm...just like the actions of one little boy saved another.

I don't know if anyone will read this...but I had to send it out. To honor the memory of my beautiful Billy, who was taken from me much too soon... But not before showing me the true face of God, in a little, sunburned body.

***~THAT'S GOD ~***

Have you ever been just sitting there and all of a sudden you feel like doing something nice for someone you care for?

**THAT'S GOD!** He speaks to you through the Holy Spirit

Have you ever been down and out and nobody seems to be around for you to talk to?

**THAT'S GOD!** He wants you to speak to Him.

Have you ever been thinking about somebody that you haven't seen in a long time and then next thing you know you see them or receive a phone call from them?

**THAT'S GOD!** There's no such thing as coincidence.

Have you ever received something wonderful that you didn't even ask for, like money in the mail, a debt that had mysteriously been cleared, or a coupon to a department store where you had just seen something you wanted, but couldn't afford.

**THAT'S GOD.** . He knows the desires of your heart.

Have you ever been in a situation and you had no clue how it is going to get better, but now you look back on it?

**THAT'S GOD!** He passes us through tribulation to see a brighter day.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Ter nagedagtenis aan Jan Oelofse*

***Wilma Oelofse***

Julle ken hom as Jan, sy familie ken hom as Anton\ Tone, die wat al sy tone gesien het sal verstaan. Hy was ons steunpilaar veilige vesting, hy het ook geweet hoe om iets te laat gebeur. Hy het tyd gemaak vir sy hartsmense en sy hartsmense sluit die duiwe familie in, julle het 'n spesiale plekkie in sy hart gehad. Ons KwaZulu-Natal Streek familie dae met braai dop en lag was altyd 'n hoogtepunt vir ons as familie.

Iets meer persoonlik oor hom, so groot as wat hy was so sag was sy hart, hy kon nie maklik nee se nie, altyd gewillig en sou 'n plan maak om iemand te help. Net so maklik kon hy sy gat ook wip! Hy




het al meer as een maal van Riaan se vriende vir 'n aand ingeneem dat hulle nie kon huis toe nie, dan is dit so 1 of 2 uur in die oggend dat hulle bel vir slaapplek, MAAR net een aand dan moes hulle terug huis toe en gaan regmaak waar daar reggemaak moes word.

Sy lewe het gedraai om sy God, myself en Riaan. Ons was altyd saam selfs as daar Spar toe gegaan word was ons saam dan word dit 'n familie "outing" met 'n draai roomys of dit nou somer of winter is. Hy was Riaan se steunpilaar veral die afgelope 4 jaar, hy was Riaan se go-to persoon as dinge moeilik raak Riaan se skuilplek as dinge teveel raak. Koester jou geliefde, hy of sy is net aan jou geleen maak tyd vir koffie en biltong in die bed dit word die mees kosbaarste herinderinge ooit!



## *Ter nagedagtenis aan my Pa Jan Oelofse*

***Riaan Oelofse***

Pa,
"Dad" was nie net my pa nie, Pa was my beste vriend. Ons het alles saam gedoen, werk, visvang, drink, alles. Pa het elke fout wat ek gemaak het in die lewe uitgewys en my terug op "track" gesit. "Dad" was een "awesome" pa en Winston Brian Hardouin sal saam stem jou 2de seun en Willem Oelofse ook, ons "trippies" Newcastle toe was Pa se "favourite" dit is waar jy net kon "relax" geen "stress" en geen bekommernisse nie. DAD ek mis jou.


Geld bring nie vreugde nie. Ek sal eerder arm wees as ryk. Geld is die duiwel soos die duiwel. Baie mense vrae my hoekom is jy nie gelukkig nie. Want jy kry baie geld. So jy kan baie goed gaan koop en gaan doen. Ek lag vir hulle dit maak my nie gelukkig nie. Goeters beteken niks vir my nie familie is baie meer belangrik as enige iets in die wêreld. So waardeer die mense wat jy het in jou lewe. En die enes wat jou lief het.

**Geneem uit Riaan se Faceboek blad**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Vertellings van my vriend Jan Helberg*

***Ingestuur deur Christo Munnik***

Jare terug toe Liefie na ‘n rugoperasie aan die bed vasgekluister was het ek buite ons slaapkamervenster ‘n voermaakplek vir die voëltjies gemaak. Die voermaakplek het nou maar deel van die huishouding geword en verskaf ons tot vandag toe nog baie vreugde. Hierdie week het die tarentale ook vir ons kom kuier.

Kyk, ‘n duif word dikwels as vredesteken gebruik maar vanoggend wil ek jou bietjie van hulle ander, of is dit nou donker, kant vetel. Die rooikopmelbas is een van my gunsteling gereelde besoekers hier. Wanneer hulle arriveer neem hulle behoorlik oor. Hulle klim pens en pootjies in die bakkie met saad en dan hop die koppies op en af soos die koppe van ‘n bussie vol toeriste op ‘n Kgalagadi sinkplaatpad soos hulle die saad vreet.

Dis nou hier waar die duif inkom. Op die plaas het ek gesien hoe Jan Fiskaal korte mette maak van ‘n rooiborsduifie, wat veel groter as hy is, en hom dan stuk vir stuk aan die hakkies van die doringdraad ophang om biltong vir die honger tye te maak.
Ek het altyd gedink die rooiborsduifies is saggeaarde, nederige en vredeliewende duifies. By die voerplek is dit egter ‘n ander storie en sal die rooiborsduifies mekaar dikwels takel met ‘n geklap van vlerke dat jy net vere sien waai.

Nou dwaal ek weer af. Terug by die rooikopmelbas wat die bakkie oorgeneem het en die saad wat spat terwyl hulle ywerig vreet. Die rooiborsduifies speel maar tweede viool en raap maar die saadjies wat uitspat op. Een rooiborsduifie besluit egter genoeg is genoeg en hy stap na die bakkie saad. Die duifie pik die naaste rooikopmelba op die kop en gooi hom uit die bak. Nommer twee en drie word ook deur die duifie doodluiters aan die kop gegryp en uit die bak gegooi. Nou speel duifie nie meer tweede viool nie en raap hy die saadjies in die bakkie op. Die rooikopmelbas laat hulle nie afsit nie en sak steeds toe op die kos. Die duifie staan vas en as dit te beknop raak sien jy net vere en rooikopmelbas trek.

Hierdie Corona ding probeer ons ook van die voerplek, ons kerk en die lewensbrood af weghou. Met tegnologie vandag is dit vir ons baie makliker as byvoorbeeld tydens die vervolging van die middeleeue en kan ons steeds by die huis na boodskappe kyk, luister en studeer.
Die Kananése vrou met die dogter wat duiwel besete was (Matt 15:22-28) het haar nie laat afsit nie. Selfs die krummels was vir haar genoeg. Groot was haar geloof en haar gebede is verhoor en haar kind is bevry.

My vriend en vriendin, in hierdie onbekende tye, is jou geloof in die Koning van die Heelal gevestig? Hy is steeds in beheer en het die ou sluwe Lucifer wat hierdie gruwels op ons weg bring reeds oorwin. Plaas jou geloof en vertroue op hom en hy sál jou deur hierdie tyd ook lei, miskien nie soos jy wou nie maar volgens sy wil en alomwetendheid. Hierdie sondige aarde met sy swaarkry, pyn en leed is van tydelike aard. Kan jy saam met Paulus sê: “Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.” (II TIMÓTHEÜS 4:7-8 AFR53)
Een dag sal ons kan terug kyk na hierdie tye en sien hoe God se hand ook in hierdie tyd oor ons was en hy ons daardeur gelei het.


**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**


Februarie 2020


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873






## *Ons verkoop*

*Verskeie Duiwekosse*

*Groot verskeidenheid Duiwemedisyne*

*Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe*

*Verskeidenheid Kos en Waterbakke*

## *Asook*

*Voëlsade - Voëls en Visse*

*Alle Troeteldierbenodigdhede*



## Vind die duiwe rasse:

*Ingestuur deur Danie Strydom*

***Danie het vir ons die speletjie ingestuur kom ons kyk of die lede dit sal geniet. Laat weet of ons so iets kan insit of moet ons dit liewer los.***

***Fantail***
***Mokee***
***Norwich Cropper***
***Starling***
***Lahore***
***Kartelrug***
***Magpie***
***Barb***
***Nun***
***American Showracer***
***King***
***African Owl***
***Jacobin***
***Carrier***
***Old German Owl***

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | A | S | D | F | G | H | J | K | L | Z | X | C | V | B | N |
| M | A | M | R | C | A | N | S | H | O | W | R | A | C | E | R |
| Q | W | N | E | B | S | T | A | R | L | I | N | G | L | R | E |
| Y | U | I | T | R | O | P | A | S | D | D | F | A | G | H | I |
| K | L | Z | X | A | C | V | B | C | G | N | H | M | Q | W | R |
| J | A | C | O | B | I | N | E | A | E | O | R | T | Y | U | R |
| Q | W | E | R | T | Y | L | U | R | R | I | O | P | A | S | A |
| F | M | A | G | P | I | E | G | E | M | O | O | K | E | E | C |
| N | J | K | L | Z | X | C | V | I | A | B | N | M | I | Q | W |
| U | Q | W | E | R | T | Y | U | E | N | I | O | P | A | N | S |
| N | O | R | W | I | C | H | C | R | O | P | P | E | R | D | G |
| F | A | F | R | I | C | A | N | O | W | L | G | H | J | K | L |
| Z | X | C | V | K | A | R | T | E | L | R | U | G | B | N | M |




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoor-steenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019





**Gerhard van Aswegen**
**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747 - E-mail: gjtlofts7@gmail.com**




Januarie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



***Runts, die stiefkinders van die duiwestokperdjie!***

***Seppie Esterhuysen en André Bruwer***



Sal 'n Runt ooit die Top 7 haal op 'n SA's, van Kampioenduif praat ek nie eens nie? Dit kan dalk gebeur op streekskoue waar 'n runt onder die Top 7 beland. Dit het by ons streekskou van 2019 gebeur dat 'n Runt wel die Top 7 gehaal het. Baie sal redeneer dat hoe minder rasse deelneem hoe groter is die kans dat so iets kan gebeur. Daardie Runt het dit verdien! Iemand het my vertel dat in die verlede daar wel op 'n SA's 'n Runt die Top 7 gehaal het.

Dit is so dat oms duiwesport baie kompeterend is. Almal wil graag wen op 'n skou en is dit na my mening een van die redes waarom daar nie so baie Runts aangehou word nie. Dit mag wees dat baie telers van nature 'n ras kies waar die kanse op prestasie groter is. Sommige rasse is van nature net n groter "vertoner" as ander.

Die persepsie by die gewone duiweboer is dat 'n Runt 'n groot, slordige en onnet duif is - sabels, breë sterte, hang vlerke, x-bene, noem op. Ek moet erken dat ek die persepsie gedeel het totdat ekself met die ras begin boer het. My vriend Danie Visser kon nooit verstaan dat die duif op my gegroei het nie (die mooi uitdrukking kom van Lappies). "Daar is mos baie ander swaarrasduiwe waaruit jy kon kies en so waar as wragtig jy kies Runts," was sy antwoord. Gelukkig is ons ou mensdom so verskillend. Dink net, alle vrouens het gehou van dieselfde man, hoeveel oujongkêrels was daar!! Kom ons wees eerlik, daar is in elke Runt teler se duiwehok ten minste een of meer goeie Runts, of duiwe met met een of meer goeie eienskappe wat jy graag in jou stoet wil hê. Die ideaal sal wees om al daardie duiwe bymekaar te kry, maar dis 'n onmoontlike taak, wie sal sy bestes laat gaan. Waar Runt telers nader aan mekaar bly, kan hulle duiwe onderling uitruil en so meer vordering maak as net jy alleen met min goeie duiwe.

As jy vir die duiweboere vra wat die standaard in kort behels, sal meeste vir jou sê dit is 'n groot duif van meer as een kilogram of 'n swaar duif met 'n vlerkspan van een meter en meer. Dit is die ideaal en almal poog met hul teling in daardie rigting, maar balans en verband tussen al die eienskappe word gerieflik vergeet. Een kilogram en een meter kan nie al die ander foute naamlik die sabels, hangvlerke, oop rûe en so voorts regverdig nie!!! Verseker moet die voorkoms, wat netheid en "vertoon" insluit in balans saam opgebou word. Verder is ek van mening dat die grootste beperking met aanhou van Runts is spasie en ruimte. Dit is 'n duif wat spasie benodig en dit is uiteraard nie vir almal beskore nie.



***Lekker ruim Runt hokke van André Bruwer***



***Lekker ruim Runt hokke van André Bruwer***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



*Lekker ruim Runt hokke van André Bruwer*

Gebruik die voorbeeld van enige ligaamsbouer, hoe meer hy oefen en werk aan ‘n spesifieke liggaamsdeel, hoe beter ontwikkel daardie deel. Ons het ‘n probleem met Runts se hangvlerke. As gevolg van spasie probleme (broeihokke of hokke ) vlieg hulle die minimum of soms glad nie en sodoende kan die vlerkspiere nie ontwikkel nie. Oefening ontwikkel borsspiere sowel as vlerkspiere en sal uiteraard bydra tot wigvormigheid gevolglik beter vlerkplasing.

In standaard hokke met sitrakke kry kleiner duiwe genoeg oefening, Runts benodig egter meer spasie gevolglik bly hulle op die grond. ’n Verdere doodsspyker in hul kis is daardie broeihokke van 1 x 1 meter, daar kry hul geen oefening nie. Ons teel duiwe, klein of groot, wat spasie benodig vir algemene liggaamsontwikkeling asook algemene gesondhied. (Modena boere, daardie duiwe benodig spasie en oefening, dalk met groter hokke met sitplekke en neste wat nie op die grond is nie kan jul daardie lae vrugbaarheid hokslaan).

**Waar begin ’n mens? Kom ons kyk na die volgende:**

**1.Hersien die kleurklasse in die skouskedule.**

**Die huidige kleurklasse is as volg:**
Enige Standaard Selfkleur
Silver Bar
Enige Ander Standaard Kleur Gebalk
Enige Standaard Kleur Geruit
Grizzle Enige Skakering
Enige Ander Standaard Kleur

**Voorgestelde kleurklasse:**
Enige Standaard Selfkleur
Enige Standaard Kleur Gebalk
Enige Standaard Kleur Geruit
Grizzle en Mottle, Enige Kleur
Enige Ander Standaard Kleur

So ’n verandering kan slegs deur die Swaarrasklub hanteer word.


Ek het by skoue al opgemerk die Babelse verwarring wat heers ten opsigte van inskrywings, byvoorbeeld bruingebalkte duiwe word in die Silver bar klas asook in die Enige Ander Standaard Kleur Gebalk ingeskryf. Die voorgestelde kleurklasse kan die verwarring verhoed en dit makliker maak vir die beoordelaar.

**2.Grootte.**




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**
**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**
Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538








***Slordige Duiwe***

'n Gemiddelde massa van 1 kilogram en meer word aanbeveel. Ons moet onthou hoe swaarder die duif word as gevolg van seleksie sal sekere eienskappe tot op die uiterste beproef word en mag dit selfs negatief vertoon. Daar is 'n kritiese waarde vir sekere eienskappe. As met teling daardie waarde oorskry word, sal sekere eienskappe begin kwyn, sleg vertoon en so voorts. Daar moet altyd balans wees tussen jou doel en die eienskappe onderling. Met 'n ligter duif, ongeveer 700 gram, is die kans net beter om 'n meer netjiese, afgeronde en mooi vir die oog duif te teel as byvoorbeeld 'n 1500 gram duif. Ons sien by die braaikuiken bedryf dat hoe swaarder die kuikens raak hoe meer kry hulle beenprobeme. Die swaarder Runt met sy langer vlerke, sal die vlerkspiere daardie gewig kan dra? Ek dink nie ons moet nie die ligter runts uitskot nie (let wel die netjiese duiwe moet gehou word, maar die ligter, slordige duiwe moet uitgeskot word) maar ons ideaal moet die swaarder duif wees en gedurig probeer om dit netjieser te teel en balans behou. Sien fotos, swaar/groot duiwe, maar slordig, nie 'n sieraad vir enige hok nie!!! Wat 'n uitdaging!!!!!!

**3.Bors.**

So breed as moontlik. Dit moet breed tussen die skouers en oor die rug wees wat geleidelik dunner word na die stuitjie, wigvormig (belangrik). Daardie regte wors-tipe runts wat ewe breed of nou vanvoor tot agter is, gee jou nagmerries. Geen vlerkvere kan op die stert rus nie en vanvoor na agter lyk dit soos 'n treinspoor. Vandaar die "oop rûe" wat noodwendig ontaard in hangvlerke, en ook aanleiding gee tot sabels.



**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

**4.Vlerke.**
Lang vlerke wat op die stert rus. Die primêre vlerkvere moet breed en lank wees. Die dekvere moet plat lê om die rug toe te maak. Indien dit regop staan, bekend as sabels, moet ten alle koste vermy word. Die vlerkspan moet varieer tussen 95 en 100 setimeter wees.

**5.Stert.**
Lank, 19 tot 21 setimeter en 8 tot 10 setimeter breed. Die stert moet 6 setimeter bo die grond gedra word.

**6.Bene.**
Duiwe met daardie tipiese x-bene moet vermy word, dit vlei nie die duif se voorkoms nie. Bene moet sterk wees en pas by die grootte van die duif. X-bene is 'n groot fout en moet summier uitgeskot word, hoog oorerflik!!




**Met bogenoemde in gedagte hoe bereik mens die ideaal?**
**Daar is 2 maniere.**




**1. Seleksie.**
Selekteer jou beste duiwe, vra 'n medeteler om jou te help met die seleksie, dit sal meer objektief wees. Met minder duiwe, maar beter kwaliteit het jy 'n beter kans om nader aan die ideale runt te kom. Die vordering kan bespoedig word indien jy kan saamwerk met ander lede om so die genepoel te verbreed. Hierdie sal afhang of medeboere bereid sal wees om duiwe te deel.

**2. Opgradering deur gebruik te maak van kruisteling.**
Indien jy 'n ander ras sou gebruik om jou bestaande ras te probeer verbeter deur sekere eienskappe van die ander ras na jou ras te wil oordra sal vordering net soveel vinniger wees as die bouvorm van die rasse nader aan mekaar is. Verbetering van byvoorbeeld 'n Brunner met 'n Shield Kropper sal net vinniger wees as byvoorbeeld 'n Sjinese Uil gebruik word.!!!




**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2019

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**
**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Daar is nie 'n reël watter ras jy by Runts moet gebruik vir kruisteling nie. Van die duiweboere het American Giant Runts gebruik, ander weer Vliegduiwe. Die voordeel van die American Giant Runts is dat beide groot rasse is. Die nadeel van die American Giant Runts is dat die liggaamshouding meer vertikaal is met dikker nekke. Die beter keuse American Giant Runts is die met netjies vlerkplasing asook dunner sterte.

Die nadeel van 'n Vliegduif is dat hul baie kleiner is as 'n Runts, maar ideaal ten opsigte van liggaamshouding, plasing van vlerke, mooi smal stert en oor die algemeen 'n baie netjiese duif. Met die kruising word aanbeveel om Runt mannetjies op Vliegduifwyfies te gebruik en nie andersom nie. Die F1's kan op enige geslag van die Runts gebruik word. Die verskil tussen die F3 en suiwer Runts is met die oog nie meer sigbaar nie. Baie van die eienskappe wat bydrae tot die algemene netheid van die Vliegduif kan met korrekte seleksie op die Runt kruisings oorgedra word. Weereens hoe meer Runtboere saamwerk hoe vinniger is die vordering. Die gebruik van goeie kwaliteit suiwer Runts op die kruisings word aanbeveel. Indien lede die weg volg, maak gebruik van kleurvliegduiwe en dra in die proses nuwe kleure op die Runts oor.

Ek besef en aanvaar dat spasie een van die grootste redes is hoekom Runts nie algemeen aangehou kan word nie en dit word aanvaar. Die duif is nie 'n natuurlike vertoner of 'n mooi skouduif soos byvoorbeeld 'n Fantail of Jakobyn nie, dis 'n ras waar dit oor die passie van die teling gaan, met 'n ewigdurende strewe en begerigheid om ook eendag in die Top 7 te wees of dalk 'n SA Kampioen!!





## *SHOWCASE VIRTUELE SKOU 2020*

***Bertus Pretorius***

Na 'n EERSTE baie suksesvolle virtuêleskou op Whatsapp deur Harry Munnik en sy span, het ek en Harry Munnik 'n tweede een aangepak einde Mei. Deelname aan die SHOWCASE skou was weer oopvir enige entoesias, teler en toeskouer. Hierdie keer het ons ook die Namibiese telers genooi vir deelname.

Inskrywingsgelde van R50 per persoon is gehef en 'n totale bedrag van R6500 is geskenk aan die Prieska Droogtehulp Fonds. 'n Totaal van 57 rasse van 48 telers is ingeskryf; met 'n groot totaal van 345 duiwe.

Rasse wat die meeste verteenwoordiging gehad het was Mookee, Modena, Indian Fantail & English Fantail, Oriental Frills, Birmingham Rollers en Kings.

Hierdie nuwe skou formaat het soveel moontlikhede, en ons het 'n span van plaaslike en internasionale spesialis beoordelaars gebruik vir ras en kampioenskap beoordeling.

**Beoordelaars en Beoordeling**

Die span beoordelaars vir raskampioene was Bertus Pretorius Suid Afrika, Wim van Rensburg Suid Af-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

rika, Christo Munnik Suid Afrika, Zaahid Abrahams Suid Afrika, Clint Debonai Australia, Giulio Marcoccia Windsor Onratio, Clint Robertson Canada, Finlay James United Kingdom en Felice Esposito Australia. Ek het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die “High/Low Beoordeling” uit te toets. Tydens hierdie metode vorm drie beoordelaars ‘n paneel en ‘n gekombineerde uitslag word gegee. Die paneel het NIE kontak met mekaar nie.


Die High/Low het die volgende voordele:
1. Verlig geweldig die druk vanaf een beoordelaar tydens ‘n kampioenskap.
2. Rasse kan nie bevoordeel OF benadeel word deur ‘n beoordelaar wat dalk nie al die kennis/gebrek aan kennis het van al die rasse nie.
3. Dis nie so maklik dan om vingers te wys nie.

Die Groot Kampioenskap is beoordeel deur Zaahid Abrahams Suid Afrika, Clint Debonie Australia en Finlay James United Kingdom.

Groot opgewondenheid het geheers aangesien daar van die beste duiwe in Suid Afrika en Namibië vertoon is. In sommige rasse, alhoewel getalle minder was, was daar selfs duiwe wat maklik vergelyk kon word met die bestes in die wêreld.

Baie goeie terugvoere is gegee vir ELKE ras, wat gemaak het dat ons almal ook iets kon leer van ander rasse en hul eienskappe.









Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538




















Ons weet almal dit is baie moeilik om vanaf ‘n foto te beoordeel, maar die virtueleskou het ook gewys dit is tog moontlik. Alhoewel sekere rasse soos die blaasduiwe en waaiersterte bewegings betrokke het wat ook beoordeel moet word, het ons almal begrip gehad daarvoor en saam die uitslae geniet.

Om ‘n foto te neem van ‘n duif is moeilik. Om ‘n mooi foto te neem van ‘n mooi duif is nog moeiliker daarom het ek beroep gedoen op die vertoners op MEER aandagte gee aan die kwaliteit van hul fotos. Tydens die eerste skou het duiwe op die grond gesit, en ander was in die sithok. Op sommige fotos was daar mis en los vere. Dit alles maak ‘n groot afbreek aan ‘n virtuele skou se gehalte. Maar in hierdie skou was daar ‘n enorme verbetering - waarlike SHOWCASE fotos.

Dit het die taak van beoordelaars baie makliker gemaak. Daar is steeds nog baie ruimte vir verbetering soos byvoorbeeld agtergronde, hoeke en beligting. Maar Rome is nie in n dag gebou nie. Die fotos was tops.


Uitslae

Birmingham Roller Vertoners Klub



President
Christo Munnik
e-mail:
cora.christo@gmail.com
Sel:
076 391 5800

Sekretaris
Attie van Aswegen
e-mail:
attievanaswegen@gmail.com
Sel:
082 411 8483



National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

‘n Raskampioen en Reserwe Raskampioen is aangewys vir elk ras. Ek glo daar was baie tevredenheid onder die deelnemers en toeskouers.

‘n Groep van 5 rasse is aangewys met spesiale vermelding van besonderse standaard en kwaliteit.
Hulle was:
Dragoon (Harry Munnik)
King (Johan Nel)
Thuringian Spot (Chris de Bruin)
Swiss Mondain (Chris de Bruin) en
Damascene (RudieViviers).

Daar was ook rasse wat ongelukkig was om hierdie groep net-net te mis soos byvoorbeeld die Lahore (George Bell), Kapusyner (Johan Nel), Birmingham Roller (Harry Munnik), EngelseTrompetter (André Cilliers) en Mookee (Ruben Kitchen).

Hierna is ‘n groep van 10 rasse aangewys wat verteenwoordigend was van die rasse met die hoogste standaard en kwaliteit. Dit was ook die groep van rasse wat voorgelê was aan die paneel van beoordelaars vir Groot Kampioen SHOWCASE Sierduif en sy/haar Reserwe.

Hulle was:
Schietti Modena (Lappies Labuschagne)
American Showracer (Wayne Nicolson)
Strasser (Hanna Shrosbee)
Italian Owl (George Bell)
Chinese Owl (Koos Meyer)
Caushois (Chris de Bruin)
Archangel (Zaahid Abrahams)
English Long Faced Muffed Tumbler (Charl Naude)
Fantail (Nico vd Westhuizen)
Gros Mondain (Rudie Viviers)

Beste SHOWCASE FOTO is ingeskryf deur Wayne Nicolson (Satinette)
Beste Namibiese Duif: African Toy (Frik Vogel Namibië)
Vertoners keuse vir Groot Kampioen: Gros Mondain

GROOT KAMPIOEN SHOWCASE SIERDUIF:  Gros Mondain JW
RESERWE GROOT KAMPIOEN:  Fantail JW

Hierdie twee duiwe is EENPARIG aangewys deur die paneel van beoordelaars.  Die jong Gros Mondain wyfie is ook aangewys as die beste Jongduif van die Showcase Skou. Die jong wyfie van Rudie Viviers was ‘n uitstaande Gros Mondain. Sy was ‘n waardige wenner van die hoogste gehalte. Haar kwaliteit was vasgevang op elke hoek en kant van die foto. Baie baie geluk Rudie Viviers. Jy’s ons Gros Mondain Koning! Nico vd Westhuizen se Fantail was ook ‘n uitstaande duif; rond met ‘n uitstekende stert en bene – ook ‘n jong wyfie.

Die res van die uitslae volg in die tabel hieronder.

Alhoewel die virtueleskoue daardie lekker kuiertye om ‘n vuur nie moontlik maak nie, is daar tog ‘n plekvir sulke skoue.

Baie geluk aan al die wenners en deelnemers. Baie dankie ook aan Harry Munnik vir sy tyd en insette.
An excellent picture cannot carry a POOR pigeon; nor can a POOR picture carries an EXCELLENT pigeon - Bertus Pretorius

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/  Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

| | AUS | UK | SA | | RESULTS |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | GROSS MONDAIN | GROSS MONDAIN | GROSS MONDAIN | | GROSS MONDAIN |
| 2 | ENGLISH FANTAIL | ENGLISH FANTAIL | MODENA GAZZI | | ENGLISH FANTAIL |
| 3 | ITALIAN OWL | ASR | ENGLISH FANTAIL | | ELFT (MUFF) |
| 4 | ELFT (MUFF) | ELFT (MUFF) | ARCHANGEL | | ARCHANGEL |
| 5 | ARCHANGEL | ARCHANGEL | ITALIAN OWL | | ITALIAN OWL |
| 6 | STRASSER | STRASSER | ASR | | ASR |
| 7 | MODENA GAZZI | CHINESE OWL | CHINESE OWL | | STRASSER |
| 8 | ASR | ITALIAN OWL | CAUSHOIS | | MODENA |

| Non placement | Non placement | Non placement |
|---|---|---|
| CHINESE OWL | MODENA GAZZI | STRASSER |
| CAUCHOIS | CAUSHOIS | ELFT (MUFF) |

IANGEL = 5+5+4 = 14//ITALIAN: 3+8+5 = 16

TRASSER: 6+6+9 =21//ASR: 8+3+6 = 17

## *Veeartse en duiwesiektes*

***At Nigrini***

***Geneem uit Die Sierduif Maart/April 2008***



**Hiermee bedank ek Dr's Ludwig Schrag en Pietie le Roux vir navorsing vir die artikel.**

Omdat ons familieplaas 80km buite die dorp was, het ons maar siek diere of duiwe self gedokter. My pa se filosofie was, draai 'n siek duif se nek om want die ander is dan gesond.

Ons resiesduiwe het op die volgende program gefloreer:

- Ent jong duiwe teen pokke.
- Dip 2x jaarliks met sodium floried.

Maandae - Teelepel Engelse sout en 'n mespunt koeksoda in die water om die maagskoon en die suur uit die spiere te haal.

Dinsdae - Vit B12 Riboflatien in die water.

Woensdae - Skoon water of appelasyn met heuning.

Donderdae - Glukose in die water.

Vrydae / Saterdae - Skoon water

Sondae - Glukose in die water en 'n bietjie broeimengsel.

Renduiwe het slegs ertjies en mielies gekry om te eet. White Sescue vir going light. 2x per jaar be-

handeling teen koksidiose en kropkanker.

Dr Roby Joyce se boek oor wedvlugduiwe het min of meer so gelyk.

Die duiwe wat geskiet was, draad geslaan of deur 'n valk geslaan was het ons self skoongemaak en toegewerk. Min duiwe was gespaar ongeag sy bloedlyn of prestasies. As hy nie presteer het nie was hy slaghuis toe.

Maar dinge het verander. Duiwe en diere kry nou siektes wat ons nooit in daardie dae gehad het nie. Paramixo, Newcastle, Eggdrop sindroom Avian flu, bek en veer siekte. Daar was ook sekere siektes in bestaan waarvan ons nie bewus was soos:

**1. Ornitose:**
Ooglid ontsteking en afskeiding, long ontsteking, opswelling van die lewer en milt, lewer vervetting, sterfte syfer hoog onder jongduiwe. Besmetting van hele jongduifstoet binne 4-6 weke. Let wel dieselfde behandeling vir papegaaisiekte (psittakose) wat nou verwant is aan ornitose word in baie Europese lande deur die wet voorgeskryf.

**Behandeling:**
Chlortetrasyclin inspuiting en 5 dae behandeling met bogenoemde poeier, 2 dae breuk en weer 5 dae behandeling. Maak hok skoon en ontsmet deeglik.

**2. Mikoplasmose verkoue:**
Slymerige, etterige neusuitvloeisel, besmetting in die boonste lugweë, roggelende asemhalings geluide wat veral snags gehoor word.

**Behandelling:**
Inspuiting van Baytril, Terrymycin of Spectinomyson. Baytril vir 5 dae in die water of Dovabiotic vir 8 dae. Terrymycin gemeng met Tylon help nogal. Nog 'n baie goeie spuitstof is Advocin.

**3. Haemophilus verkoue:**
Ontsteking in beide oë met slymerige etterige uitvloeisel. "Uilkop" ontstaan deurdat traansakke opswel, verkoue verskynsels.

**Behandeling:**
Soos in Mikoplasmose verkoue.

**4. Aspergillose (swamme):**
In die longe, asemnood, groenerige aanpaksels op die tong en verhemelte. Vervelling en vere wat breek. Tans geen behandeling wat effektief is nie behalwe 'n goed geventileerde hok, skoon kos en water. Gee vitamiene.

**5. Sproeiswamme (Blastomyces):**
Candida soort. Jongduiwe groei sleg, slingerbewegings, bloed in krop, witterige swamaanpaksels in keel.

**Behandeling:**
Groot dosisse Vitamiene A.

**6. Kropkanker, keelkanker, Trichomoniase:**
Verswakte water en voerinname. Geel aanpaksels in keelslymvliese, lewer, longe en ander organe. Die duif vrek eintlik aan ontwatering want sy niere gaan staan.

**Behandeling:**
Dr Pietie le Roux het vir my die volgende voorgestel; Gentianviolet kristalle opgelos in water, smeer met 'n oorpluisie in mond. Neem 'n kropnaald en gee elke duif soet opgeloste "Game" (aanmaak koel-drank poeier) in die keel vir 2 dae. Alle broei duiwe kry na 10 dae van elke stel kuikens 'n krop- en keelkanker pil. Elke jongduif wat gespeen is kry ook 'n kanker pil. Ek het baie goeie resultate met die "Game" en Gentianviolet, die "Game" bevat al die soute en minerale om die duif se ontwatering te stop en te sorg dat hy nie van honger en dors vrek nie. Die nierversaking laat hom nog voor die keelkanker vrek.

**7. Tuberkulose:**
Stadige agteruitgang wat oor weke strek. Algemene toestand versleg daagliks. Niks wil werk nie, enkele duiwe teer heeltemal uit. Grysgeel kaasagtige knoppe veral in die milt en lewer.

**Behandeling:**
Geen medikasie wat doeltreffend is.

**8. Salmonellose stamme:**
Diaree, vermaring, lamheid, veroudering en swelling van gewrigte. Gewrigsversteuring en verdraaiing van kop. Duiwe sukkel om rigting en hoogte te bepaal. Bly hulle vere stryk op 'n ongehoorde wyse. Sukkel om kos te pik. Jongduif sterftes baie hoog, gryswit sweeragtige aanpaksels in organe.

**Behandeling:**
Baytril vir 10 dae. Duiwe wat baie siek is, 'n inspuiting van Baytril. Spectinomyson of Oxytetracyclin. Mengsel van Furazolidon en Tylon vir 8 dae werk ook, 2 dae rus behandel weer vir 8 dae. Hierdie bakterie sit in ou duiwe wat draers is en dit is bykans onmoontlik om dit uit jou hok te kry as dit

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

eers daar is.

**Behandeling: Dr Pietie le Roux.**
Maak hok deeglik skoon, brand “perches” en vloere met ‘n gasvlam. Indien moontlik sit jou jongduiwe op ‘n draadvloer sodat die mis kan deurval. Jy sal skrik wat in jou broei kaste en “perches” weg-kruip wanneer jy begin om ‘n vlam te brand. Wendell M Levy het jare terug die duiwe se vlerk en stertvere almal uitgetrek, 2x na mekaar en goeie resultate daarmee bereik.

**9. Bakterieë soos Strepto, Staphylococci, E Colli ens:**
Baie soos by Samonella, maagwerk, tamheid, lamheid en vermaring.

**Behandeling:**
Soos by Samonella. Virokill werk baie goed in die drinkwater. Onthou al die swamme is baie aktief by temperature van 24 grade en hoër. Hou water koel in die skaduwee.


**10. Koksidiose - Eimeria soorte:**
Waterige mis, uitgeputheid, vinnige gewigsverlies. Jongduiwe word straf aangeval.

**Behandeling:**
Sulfamethazine in water of Pofidoom Jodium. ‘n Coxi tablet deur MedPet werk ook goed.

**Om af te sluit:**
Die belangrikste siektes wat duiwe aantas is infeksie siektes. Hulle word deur baie klein organismes veroorsaak, bv. Virusse, bakterie, protazoa (eensel-lige organismes) en swamme.

Om bogenoemde te behandel is daar verskillende aktiewe medikasie beskikbaar. Antibiotika word baie gebruik om infeksie siektes te verswak. Antibiotika is stofwisselende produkte van swamsoorte wat die bakteriese vermeerdering verhinder. Daar is baie soorte en elkeen het sy afgebakende spektrum.

Tetrasiklin is ‘n breëspektrum en bestry die organismes van ornitose asook Salmonelose en E-colli organismes, maar mikoplasmose word net ‘n bietjie gestrem. Tillosien en Eritromisien is wel baie doeltreffend teen mikoplasmose maar weer nie effektief teen die ander bakteriele infeksies nie. Met hierdie kennis tot ons beskikking is dit uiters noodsaaklik om so gou as moontlik die regte medisyne vir die siekte te kry, as jy twyfel praat maar met jou veearts.
Haal alle soute en grit uit want kalsium strem die werk van antibiotika en onthou om probiotikas in jou kos en vitamiene in jou water te gooi as jy jou duiwe behandel met antibiotika.



## Hulle rol almal

Piet Brouwer

Geneem uit Die Sierduif van Jan/ Feb 2006

Ek het ‘n bietjie navorsing gedoen om te sien watter duiwe rasse almal kan rol, en toe die volgende ontdek:

Ek noem die ras en dan die land van herkoms en dan ‘n kort beskrywing van die duif.

**1. “Chinese Blue” - Sjina:**
Daar kom twee tipes voor naamlik. Die Hoogvlieër en die Roller. Die wat rol word “Rolling Blue” genoem. Hulle kan redeilk goed rol. Die duif moet so klein as moontlik wees, met kaal bene. Die bek is kort en dik. Kom met of sonder kuif op die kop voor. Party het ‘n klossie vere (tuft) bokant die bek. Die oogringe is wit. Net blou gebalk of blou geruite duiwe kom voor.

**2. “Rakovink Roller” - Tsjeggoslowakye:**
‘n Uitstekende roller. Daar is van hulle wat ook op ‘n horisontale vlak kan rol, Die kop is klein en rond. Die bek is dik maar redelik lank. Hulle is ongeveer so groot soos die Birmingham Roller.

**3. “Flying West of England Tumbler” - Wes Engeland:**
Hierdie duif rol swak indien ooit, ongeveer 3 tot 4 revolusies. Almal wat verder as dit rol word van kant gemaak, Dit is ‘n mooi kompakte duif met digte veerpote. Die lyf is langer as die van die Birmingham roller en die bek lank genoeg om sy eie kuikens te voer. Kom in ‘n groot verskeidenheid kleure voor.

**4. “East Prussian Roller” - Oos Persië:**
Rol redelIk goed. Het al van hulle gesien wat afrol. Dit is ‘n kort kompakte duif met ‘n swak gevormde kuif, met medium lengte tot kort vere aan die pote. Kom in baie mooi kleure voor. Hier is van hulle in

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Suid-Afrika

**5. “Oriental Roller” - Asië**
Ook genoem “Oriental Sharpshooter”. Redelik gewild in Amerika. Hulle rol baie goed maar “kit” nie saam met ander duiwe nie. Hulle is heel uniek wat die rol betref, in die sin dat wanneer een wil rol vlieg hy uit die “kit” na bo en rol dan af na die “kit”. Die duif is effens groter as die Birmingham Roller. Die vlerke word onder die stert gedra en die stertvere tel tussen 14 tot 22 in getal. Baie helder en verskillende kleure word aangetref. Geen oliekan is aanwesig. (Wens iemand wil van hulle invoer)

**6. “Central Assiatic Roller” - Asië**
Hierdie is ‘n uitstekende roller wat baie diep kan rol. Dis is ‘n klein tot medium grootte duif. Die vlerke word onder die stert gedra en die stervere tel van af 14 tot 22. Die pote is bedek met medium lengte vere. Die oogkleur is pêrel. Kom in alle kleure voor maar die 3 algemeenstes is rooi, geel, geel gebalk, silwer en dun. Let op dat vier van hierdie kleure verdunde kleure is.

**7. “Posen Colored Tumblers” - Poland:**
Hulle kan rol, maar nie goed nie. Hierdie is ‘n wit duif met ‘n gekleurde kop en gekleurde stert, en kom in die volgende kleure voor, blou, rooi, swart en geel. Die oog is wit met ‘n breë vleeskleurige oogring. Die bek is ligkleurig met donker punt op die bo-bek, in die swart en blou kleure.

**8. “Roller of Galati” - Romenië:**
‘n Uitstekende roller wat ook as hoogvlieër gebruik word, Hulle kan tussen 6 tot 8 ure in die lug bly (amper soos die SA Afstand Roller). Hulle is so groot soos die Birmingham Roller. Party het swak gevormde kuifkoppe of ‘n swak gevormde kappie. Die stertvere tel tussen 12 tot 16. Geen olie kan kom voor nie. Hier is van hulle in Suid-Afrika, in teendeel hier sit ‘n paar in my hok.

**9. “Romanian Moriscar Roller” - Romenie:**
‘n Baie goeie roller. In sy land van herkoms word hulle “Spinning Ball” genoem, Hulle kan baie vinnig en diep rol, Hulle word uitsluitlik net vir rol geteel. Dit is ‘n klein duifie met geen vere aan pote nie. Die stertvere tel tussen 12 tot 16. Die vlerke kan op of onder die stert gedra word. Geen olie kan aanwesig.

**10. “Fish Eye Roller” - Spanje:**
Hulle kan goed rol. Dit is ‘n klein duifie met ‘n prominente voorkop. Bek is lank en dun. Die vlerke en die stert is lank. Groot waarde word aan die oog geheg wat pêrelkleurig moet wees met die pupil baie klein. Die bek en oogringe is ‘n intense rooi kleur. Kom eintlik in alle kleure voor.

**11. “Majorcan Esbort Roller” - Spanje:**
Rol, maar nie goed nie. Die duif vlieg baie hoog en vinnig. Volgens standaard, so klein as moontlik. Die stertvere tel tussen 14 tot 18. Wit is die algemeenste kleur. Geen olie kan.

**12. “Cyrian Coop Tumbler” - Midde Ooste:**
Die duif se aksie is tussen die van die Bodemtuimelaar en die van die Birmingham Roller. Wanneer die duif opvlieg na sy nes tuimel dit twee tot drie keer. Wanneer op die hand gehou word, rol dit af na die grond toe, (Ek het hulle al geteel met die Birmingham en Bodemtuimelaar). Alle kleure kom voor.

**13. “Lotan” - Indië**
Rol baie goed op die grond, Daar word beweer dat hierdie duiwe beter as die Bodemtuimelaar kan rol. Die duif is so groot soos die Birmingham roller. ‘n Klein klossie vere (tuft) kom bokant die bek voor. Met of sonder vere aan pote. Kom net in wit voor.

Daar is natuurlik ook ons eie Botternek Tuimelaar waarvan party redelik rol. (Ek het al van hulle gesien wat afrol). In my hok bly die koning van hulle almal maar die Birmingham Roller.

Duiwe Groete.

Dankie vir die inligting. Daar is nog duiwe soos die “Wolwerhampton Tumbler” van Engeland. Die duif spiraal blykbaar na boontoe. Ek het ook jare terug met “Hamburgh Schimmels” geteel. Die duiwe is na Wimpie v Vuuren en toe na Corrie Oosthuizen se skoonpa. waar hulle op sy plot vry gevlieg en gerol het.

Christo Munnik

**Maak ‘n vaste voorneme om getrou te wees aan God se wil vir jou lewe. Maak Sy Naam groot in alles wat Hy in gebed aan jou openbaar.**
**Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | KwaZulu-Natal: | 959 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Cape: | 695 |
| 2. | North-of-the-Vaal: | 300 |
| 3. | Eastern Region: | 150 |
| 4. | Eastern Province: | 150 |
| 5. | Western Transvaal: | 0 |
| 6. | Northern Freestate: | 0 |
| 7. | Western Cape: | 0 |
| 8. | Freestate | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1. Nil**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873